# GRAAD 7-INLIGTINGSAAND

# 1 NOVEMBER 2023

Baie welkom by Hoërskool Randburg!

Dit is met groot opgewondenheid wat ons elke
nuwe Randjie en sy/haar ouers deel van ons familie wil maak.



Pieter Booysen
**Hoof**



Ellenize Mans
**Adjunkhoof**



Grethe van Zyl
**Adjunkhoof**



Francois Vosloo
**Adjunkhoof**



Pieter Els
**Adjunkhoof**



Elbé Gouws
**Adjunkhoof**

# AKADEMIE



**Ellenize Mans**

- Ons skop sommer vroeg in die jaar al af met geleenthede vir die graad 8-leerders wat op studiemetodes en begripslees fokus. Hierdie klasse sal in die eerste kwartaal begin en op verskeie tye deur die loop van die jaar plaasvind.
- As gevolg van 2020 se pandemie, het ons die bul by die horings gepak en aanlyn beweeg deur *Google Classroom* te gebruik ter ondersteuning van onderrig. Daar is selfs 'n aanlyn-eksamen geskryf. Tegnologie as leerondersteuningsmiddel word al hoe meer effektief gebruik.
- Klasgroottes is 'n prioriteit en die juniorklasse se groottes is ongeveer 25 per voogklas, wat dit 'n hanteerbare grootte vir onderwysers maak.
- Daar sal 'n geleentheid wees vir al die leerders om aanlegtoetse in gaad 9 te skryf. Die resultate van die aanlegtoetse gee ook aan u, as ouer, waardevolle inligting vir vakkeuse in graad 9.
- Vanaf graad 10 kies leerders vakke vir die VOO-fase. Buiten die vier verpligte vakke: Afrikaans HL, English FAL/HL, Wiskunde/Wiskunde Geletterdheid en Lewensoriëntering kan leerders nog enige drie van die onderstaande vakke, sonder enige beperkinge kies:
    - Ontwerp
    - Dramatiese Kunste
    - Musiek
    - Visuele Kunste
    - Rekeningkunde
    - Besigheidstudies
    - Ekonomie
    - Gasvryheidstudies
    - Toerisme
    - Ingenieursgrafika en Ontwerp
    - Geografie
    - Geskiedenis
    - Rekenaarstoepassingstegnologie
    - Inligtingstegnologie
    - Lewens Wetenskappe
    - Fisiese Wetenskappe
- Daar is ook 'n opsie om vanaf graad 10 die volgende vakke as na-uurse vakke te neem:

- Besigheidstudies
- Ontwerp
- Ekonomie
- Dans
- AdMaths
- RTT
- Musiek
- Toerisme

- Gratis ekstra klasse in sekere vakke word op Maandagmiddae by die skool aangebied.
- Om seker te maak dat leerders genoeg geleenthede kry om konsepte vas te lê, word deurlopende assessering deur die jaar gedoen.
- Graad 8 en 9 het 'n ekstra Wiskunde periode per week wat as intervensieklasse toegepas word.
- Buiten die onderwyser, het elke graad 8 en 9 Wiskunde klas 'n assistent om ekstra hulp aan die leerders te verskaf.
- Eksamenhersieningsklasse word aangebied.
- Antwoordstelbesprekingsessies word gehou sodat u kind sy/haar werk kan kontroleer. Hierdie sessies dien ook as 'n geleentheid vir u kind om waardevolle lesse met betrekking tot die beantwoording van vraestelle te leer.
- Opvolg van akademiese prestasies word deurlopend deur die graadhoof gedoen om sodoende die nodige ondersteuning aan leerders te bied.
- Voogwerk: Voogonderwysers is aktief betrokke by die welstand van u kind. Kontak hulle gerus indien u 'n behoefte het.
- Onderwysers is goed gekwalifiseerd en is vakspesialiste in hul akademiese velde.
- Ten einde leerders nog meer holisties te bemagtig, het graad 8 'n leeslab en graad 9 'n rekenaarvaardigheidsperiode.
- Hoërskool Randburg hou kwartaalliks oueraande en ons moedig u aan om van hierdie kontaksessies gebruik te maak.
- Hantering van uitvalle (akademies, aanpassing en emosioneel) word deur die graadhoof en graadvoog, in samewerking met die Sentrum vir Akademiese Uitnemendheid, behartig.
- Ontleding van prestasie in graad 8 teenoor graad 7 – terugvoer aan laerskole.

Kontakpersoon: Ellenize Mans by ellenize.mans@hsrandburg.co.za.

**Assessering**

- 1ste kwartaal - Toetsreeks (Ma + Do) soos per formele toetsrooster
- 2de kwartaal - Toetsreeks (Ma + Do) soos per formele toetsrooster
  - Eksamen (soos per formele eksamenrooster)
- 3de kwartaal - Toetsreeks (Ma + Do) soos per formele toetsrooster
- 4de kwartaal - Eksamen (soos per formele eksamenrooster)

Deurlopende klastoetse, opdragte en take dra verder tot formele assessering by. Die leerder se prestasie in elke assesseringsmoment word op 'n addendum tot rapporte vir ouers vir kwartale 1, 2 en 3 deurgegee.







**Sentrum vir Akademiese Uitnemendheid (SAU)**

Die Sentrum vir Akademiese Uitnemendheid se fokus is om elke Randjie te begelei om sy/haar volle potensiaal te ontdek en te ontwikkel. Ons volg 'n holistiese benadering en stel belang in u kind se akademiese, fisiese, emosionele en sosiale welstand om sodoende 'n goed gebalanseerde, onafhanklike Randjie die wêreld in te stuur.

Kom klop gerus by ons aan vir:



**Grethe van Zyl**

- akademiese doelwitstelling en strategieë;
- leerfasilitering;
- ontwikkeling van lewensvaardighede;
- toekomsbeplanning;
- vakkeusebegeleiding;
- basiese ouerbegeleiding;
- korttermyn emosionele ondersteuning en berading;
- vaslegging van positiewe sosiale vaardighede;
- studiemetodes;
- skakeling en verwysing na hulpbronne in die gemeenskap.

Kontakpersoon: Grethe van Zyl by sau@hsrandburg.co.za.

**Geleenthede**

Buiten gewone onderrig, kry leerders die kans om aan:

- olimpiades, vakuitstappies, tweejaarlikse adademiese toer (vanaf Graad 10), gratis ekstra klasse, skryf- en ander kompetisies, loopbaandag, jaarlikse "Geexpo" - deur die NWU aangebied - en ander deel te neem.

**Erkenning**

Akademiese erkenning word op die volgende wyses gegee:

- Aanwys van die top presteerders per graad en in Randjienuus gepubliseer.
- Halfkleure, erekleure en sertifikate vir akademiese prestasie tydens die prysuitdeling in die eerste kwartaal van die daaropvolgende jaar.
- Erkenning en aanmoediging van leerders wat goeie vordering getoon het.

Kontakpersoon: Ellenize Mans by ellenize.mans@hsrandburg.co.za.

**Handboeke**

U het reeds 'n skakel vir die bestelling van handboeke ontvang. Ons vra vriendelik dat u hierdie spoedig sal voltooi sodat hierdie proses afgehandel kan word. https://bit.ly/3eSxFf9

- Bestel en betaal asseblief om spoedige aflewering te verseker.
- Verbruikbare voorraad, ook op lys aangedui, kan by enige leweransier aangekoop word. Constantia klerewinkel, oorkant die skool, verkoop ook pakkette.
- Die skool sal u in kennis stel wanneer uitreiking van die handboeke gaan plaasvind.

Kontakpersoon: Lorraine Marx by boekwinkel@hsrandburg.co.za.

**Klerebank: In die boekwinkel**

- Kwaliteit klere is beskikbaar, kom kyk gerus.
- Tye: Woensdae 13:30 tot 14:15.
- Gedurende die eerste drie skooldae (17-19 Jan.) is die klerebank vanaf 10:00 tot 14:15 oop.
- Ondersteunersdrag kan by die klerebank aangekoop word.



**Lorraine Marx**

Kontakpersoon: Lorraine Marx by boekwinkel@hsrandburg.co.za.

# RANDJIES FOTOKLUB

   

Sluit aan by ons fotoklub indien jy fotografie as stokperdjie wil beoefen, 'n moontlike toekomstige beroep daarvan wil maak, of net sommer vir die lekker!

Jy het nie 'n duur kamera nodig nie, enige kamera of selfoon kan werk.

Hoe werk ons fotoklub?

- Ons het gereeld informele klubbyeenkomste. Ons hou temapraatjies, leer van verskillende fotografietegnieke en ook van redigering op die rekenaar.
- Ons neem ALLES wat by die skool gebeur, af. Dit is baie pret!
- Ons hou elke maand (Februarie tot Oktober) 'n interne fotokompetisie en dan word 'n wenfoto in elke kategorie aangewys.
- Ons gaan elke kwartaal op 'n fotografie-uitstappie waar ons spesifieke tegnieke leer en oefen.
- Die jaar word met 'n foto-uitstalling van die klublede se werk tydens 'n spogaand afgesluit.



**Jan Labuschagne**

Kontakpersoon: Jan Labuschagne by jan.labuschagne@hsrandburg.co.za

  

# MUSIEK MAGNEETSKOOL

**DROOM!**

**ONTGIN JOUSELF!**

**STREEF!**

**RAAK NOG 'N UNIVERSELE**

**TAAL MAGTIG**



**Trudi van Wyk**
**Hoof**

- Ons is hier om jou drome te bewaarheid.
- Jy kan jou liefde vir musiek by ons kom ontgin – óf verder uitleef!
- Jy kan vanaf graad tien musiek as vak gedurende skooltyd (sewende vak), óf as agtste vak (middae) neem – onthou, musiek is vir almal!
- Ons kan jou help met uitstekende onderrig, teen uiters bekostigbare fooie. Jy kan klavier, viool, blokfluit, fluit, orrel, tjello, sang, en kitaar by ons neem.
- Indien jy in enige ander instrument belangstel (soos tromme, klarinet, ens.) kan ons reëlings daarvoor tref.
- Ons bied nou ook klasse in musiekproduksie aan, hoe om jou eie liedjies te skryf en ook op te neem. Met jou rekenaar kan jy iets baie spesiaal doen.
- Om note te kan lees, is belangrik vir 'n suksesvolle musiekleerling, kom leer saam met ons 'n ekstra taal in die teorieklas.
- Ervaar die vreugde van saam musiekmaak en kom "jam" saam met ons!
- Of jy nou 'n loopbaan in musiek oorweeg, óf net musiek wil geniet, aan eksamens/Eisteddfods wil deelneem en wil presteer, selfs al wil jy net sommer lekker saam "jam" – ons is die plek vir JOU!!
- "Life is one grand, sweet song, so start the music…"

Kontak ons gerus by: 011 888 3536/082 890 7510

E-posadres: magneetskool@hsrandburg.co.za

Ons sien uit daarna om jou te ontmoet!

♫♫♫



# KULTUUR



**Santi vd Berg**

Kultuuraktiwiteite bied 'n platform aan elke Randjie om selfvertroue te verbeter of om sy/haar sterretjie te laat skitter.
Daar is vir elkeen iets om aan deel te neem.

- Koor – oefening op Dinsdae vanaf 17:15 tot 20:30
- Produksie (tweejaarliks)
- Tienertoneel
- Kriewelfees (ons eie kunstefees)
- Groepsredenaars en "Speech Guild" (in spanverband – inligting sal vroeg in die skooljaar deur taalonderwysers aan leerders gegee word)
- Individuele sprekerskompetisies / "Public Speaking" (ATKV-Redenaars en -Digipraat, Op-die-Tong-Af, Gauteng-redenaars, Nasionale Interskole Redenaars, Radikale Redenaars en Babbelfees)
- Eisteddfod (NEA, Sentraal-Gauteng, RACA, Con Spirito, Allegretto, ens.)
- Voortrekkers
- RNA (ons eie nuusagentskap)
- Fotografieklub
- ICE
- Skryfkompetisies
- Dramaklasse
- Skoolvakke vanaf Graad 10: Visuele Kuns, Ontwerp, Dans, Musiek en Drama
- Kunsuitstallings en -kompetisies
- Animato-kompetisie: A Cappella groep
- Ons eie teater, BlouSter-kleinteater: Die BlouSter is ons eie volledig toegeruste dramateater. Benewens die feit dat die dramaleerders hier klas het, word daar ook gereeld produksies soos tienertoneelstukke en professionele stukke daarin aangebied.

Raak betrokke! As jy te skaam is vir die verhoog en helder ligte, word deel van die span wat agter die skerms werk. Die eerste kultuuraktiwiteit waaraan elkeen van julle gaan deelneem, is die graad 8-konsert. Ons sien daarna uit om al die nuwe sterretjies te sien blink.

Kontakpersoon: Santi van den Berg by kultuur@hsrandburg.co.za.



# RNA



**Jeaneli Piso**

Die Randburg Nuus Agentskap, oftewel RNA, is Hoërskool Randburg se eie televisie-nuuskanaal. Die RNA is in 2020 geloods om nuus oor die skool, die leerders en onderwysers op 'n unieke wyse oor te dra. Die kanaal funksioneer as 'n visuele medium om leerders oor leerderprestasies, leerderaangeleenthede, skoolaangeleenthede in te lig en dan natuurlik ook om die pret en plesier van die skool te wys.

Die nuusredaksielede bestaan uit leerders van verskillende grade wat nuus uitsnuffel, stories daaroor skryf, foto's en video's bymekaar maak en dit dan in 'n visuele storieformaat vir die skool uitsaai. Hoërskool Randburg het hul eie toegeruste ateljee waarvandaan die RNA elke Vrydag na die klasse uitgesaai word.



Die RNA bied die geleentheid aan leerders om te leer hoe nuus werk, hoe opnames werk en hoe om 'n gestruktureerde program aanmekaar te sit. Leerders leer tegniese vaardighede, skryfvaardighede, beplanningsvaardighede en videovaardighede aan.

Die RNA is 'n platform uniek aan Hoërskool Randburg en 'n wonderlike leerskool vir leerders wat belangstel in die mediawêreld.






Kontakpersoon: Jeaneli Piso by [jeaneli.piso@hsrandburg.co.za.](mailto:jeaneli.piso@hsrandburg.co.za)

# SPORT



**Francois Vosloo**

Sport is 'n integrale deel van elke mens se fisiese en emosionele ontwikkeling. By Hoërskool Randburg poog ons om vir elke leerder die geleentheid te bied om hom/haar op die sportveld uit te leef en sodoende te ontwikkel tot die beste van elkeen se vermoë.

Neem deel soveel as wat jy kan, toets jouself en vind jou plek waar jy 'n verskil kan maak. Hier by Randburg is daar geleenthede vir elke leerder in elke sport om net deel te neem of, vir die meer kompeterendes, om tot op nasionale vlak te presteer.

Word so vinnig moontlik deel van die Blou Masjien, geniet dit wat jy doen en doen altyd net jou beste. Onthou ook – 'n Randjie gaan lê nooit nie. Almal ontwikkel op verskillende stadiums. Jou ster sal altyd skyn. Jy bepaal egter sélf hoe helder dit gaan wees.

Die volgende sportsoorte word by die skool aangebied:

atletiek, landloop, skaak, tennis, swem, rugby, sewesrugby, netbal, hokkie (seuns en dogters) krieket, tafeltennis, skyfskiet, bergfiets, ruitersport, dogterskrieket en e-sport.

Buite-sporte soos gimnastiek, judo, karate, hengel, ens. word ook deur die skool erken.

Ons het uiters bekwame afrigters by die skool waarvan die meerderheid interne onderwysers is en nie buite-afrigters nie. Ons wil graag hê dat ons leerders en afrigters 'n hegte band vorm en sodoende ons bes moontlike prestasies lewer.

Ons fasiliteite is van hoogstaande gehalte. Ons beskik oor 'n binneshuise sportsentrum waar ses krieketnette ons spelers toerus om dwarsdeur die jaar te kan oefen. Die sentrum word ook gebruik om hokkievaardighede te ontwikkel asook om skietkompetisies aan te bied.

Ons spog ook met splinternuwe dakke oor die vierkant en die A-Netbalbaan om te kan oefen as dit reën. Vir hokkie gebruik ons Randburg se sportgronde met toegang tot twee astro-bane. Alle oefeninge en wedstryde vind op ASTRO plaas.

Ons klubhuis het ook 'n nuwe baadjie aangetrek met die binnekant wat opgeknap is, asook die boonste verdieping wat toegebou is. Dit bied uitstekende kykgerief vir onderwysers en toeskouers wat rugby, krieket, hokkie of atletiek wil aanskou.
Ons beskik ook oor geriewe om ons leerders sterker en fikser te maak. 'n Toegeruste gimnasium en 'n "crossfit"-gimnasium sorg dat ons leerders die geleentheid het om fikser en sterker te kan word. Hierdie fasiliteite is ook vir die publiek beskikbaar. Leerders kan elke oggend tussen 06:00 en 07:00, asook in die middae van 14:00 tot 16:00 hier oefen.

By Hoërskool Randburg is elkeen 'n ster. Kom word deel. Ons sien uit na jou koms.









**ATLETIEK 2023**

- 22 Januarie: Interhuis (tuis)
- 26 Januarie: Waterkloof (weg)
- 31 Januarie: TUT Top 10 (weg)
- 02 februarie: Montana (Weg)
- 07 Februarie: Noordheuwel Top 15 (weg)
- 09 Februarie: Prestige Atletiek (UJ)
- 13 Februarie: Prestige/Tuks Top 10
- 17 Februarie: Curro Podium Finaal
- 21 februarie: Distrik
- 23 Februarie: Noordheuwel (Weg)
- 28 Februarie: Interhoër (Pilditch)



**Annette Steenekamp**

Atletiek by Hoërskool Randburg is groot! Ons kompeteer en neem op die hoogste vlak deel. Ons neem aan al die Top 10-/15-/30-byeenkomste deel en is in Groep 2 van die NWU-Pukke se Super Atletiekreeks.

Oefeninge in die eerste kwartaal is op Maandae 15:30 en Dinsdae en Donderdae direk na skool.

Ons afrigters is van die beste in Gauteng en is spesialiste in hulle items. Hier is solank belangrike datums wat alle graad 8-leerders moet bywoon:

9 Februarie: Prestige

28 Februarie: Interhoër

Kontakpersoon: Annette Steenekamp by sport@hsrandburg.co.za.







**KRIEKET**



**Francois Fouché**

Hoërskool Randburg speel jaarliks in twee krieketseisoene (Januarie tot Februarie en Augustus tot November). Dit beteken dat die spanne ten minste 25 wedstryde per jaar speel.

Die seisoen verloop soos volg:
In die eerste en vierde kwartaal speel ons teen die tradisionele Engelse skole. In die derde kwartaal is dit die beurt van die top Afrikaanse skole, soos onder andere Affies, Noordheuwel, ens. Al die bogenoemde wedstryde word oor 'n volle dag gespeel, met ander woorde 50 beurte / of weeksdae waarop T20 gespeel word. In die vierdie kwartaal speel ons spanne ook in die Johnny Waite-reeks (T20).

Hoërskool Randburg spog met 'n fantastiese binneshuise fasiliteit wat van internasionale standaard is. Die fasiliteit beskik oor ses nette waarvan twee vir ons boulmasjiene gebruik word. Dit word dwarsdeur die jaar vir afseisoenoefening benut. Ons beskik ook oor tien turfnette en drie turfblaaie.
Tot dusver het ons een Protea-speler, Zander de Bruyn, opgelewer. Verder het ons elke jaar talle seuns wat na die provinsiale proewe deurdring en provinsiale kleure verwerf.
Ons Eerste span het die afgelope twee seisoene slegs vier wedstryde verloor en spog met twee welslae teen Pretoria Boys High.

Hier by Hoërskool Randburg is ons bevoorreg dat ons afrigters elke kind soos 'n ster hanteer en ons glo dat ons nie net goeie krieketspelers wil oplewer nie, maar ook goeie jongmans.

Kontakpersoon: Francois Fouché by francois.fouche@hsrandburg.co.za

**RUGBY**



**Francois Vosloo**

Hoërskool Randburg beleef tans 'n groot oplewing in sy rugby.

Randburg beskik oor uitstekende afrigters en fasiliteite.

In 2023 speel ons o/14 A-, o/15 A-, o/16 A- en Eerste span in die Goue Leeus finaal.

Ons o/14- en o/15- spanne tree as wenners van Afdeling 2 – Groot skole van die Goue Leeus uit. Al vier ons spanne speel ook in die Noordvaal-kompetisie, waar ons o/14's in die kwartfinaal en ons o/15s in die finaal gespeel het. As gevolg van hierdie uitslae skuif ons rugby een vlak hoër in 2024 na die Noordvaal- "bowl"- afdeling waar ons teen Alberton, DR. Malan, Piet Retief, Wagpos, Potch Volkskool, Potch Gimnasium en Merensky gaan speel.

Ons glo daarin dat harde werk beloon word, ons oefen hard tydens die seisoen en ook gedurende die afseisoen. Gimnasiumwerk en kondisionering vind op ons perseel plaas. Ons voorsien afrigters vir A- en B-spanne en moedig seuns aan om ons rugbygeledere te versterk. Ons is opgewonde oor ons 0/14-spanne van 2023.

Kontakpersoon: Francois Vosloo by vossie.vosloo@hsrandburg.co.za.





**HOKKIE**

Hoërskool Randburg volg 'n professionele afrigtingstrategie om hokkie aktief te ontwikkel.  Vanaf Augustus tot Oktober vind die afseisoenprogram plaas wat op vaardighede en kondisionering fokus.

Hoërskool Randburg bied dogters- en seunshokkie vir sy leerders aan.  Vanaf graad 8 tot 12 neem leerders in verskillende ouderdomsgroepe aan hierdie spansport deel.  Ons het ses dogters- en drie seunsspanne.  Beide kompeteer in die D2-/D12-liga.  Ons bied ook opleiding vir jong skeidsregters aan en spog tans met vyf junior gegradeerde skeidsregters.

Hokkieprestasies:

**2023**

Onder 14-dogters D12-ligawenners en Noordvaal-deelname
Onder 15-dogters D12-ligawenners, Noordvaal-deelname
Onder 16-dogters D12-ligawenners
Tweedespan D12-ligawenners
Eerste spandogters D12 tweede plek en Noordvaal-deelname



**Annamarie de Wit**

Oefening vind drie keer per week plaas en begin reeds in Februarie ter voorbereiding vir die hokkieseisoen.  Oefeninge vind op die Randburg astrobane plaas. Proewe sal einde Januarie plaasvind.

Kontakpersoon:  A. De Wit / C. Fouché by hokkie@hsrandburg.co.za.



**Chanelle Fouché**

**NETBAL**

By Hoërskool Randburg word netbal nie net as "nog 'n sport" beskou nie. Ons is 'n hegte netbalfamilie en -gemeenskap.

Ons beywer ons om elke dogter se vaardighede tot die beste van haar vermoë te ontwikkel – ongeag of sy al van graad een af netbal speel óf vir die eerste keer in die hoërskool begin.

Dit is vir ons belangrik dat elke leerder persoonlike groei ervaar en leer hoe om saam met 'n span te kan werk.



**Gizelle Labuschagne**

Ons skep dwarsdeur die jaar vir ons dogters geleenthede om die beste weergawe van hulself te kan wees deur om spesialis afrigters aan te stel, 'n voor- en afseisoenprogram te volg en hoë gehalte afrigters, wat 'n passie vir netbal het, vir elke span te kry. Ons spog met 11 netbalspanne in die onderskeie ouderdomsgroepe. Ons speel tydens die jaar vriendskaplike wedstryde en neem aan die JOMO-liga deel. Al ons spanne neem aan 'n netbaltoernooi deel.

Belangrike datums:

- 8 - 10 Maart 2024: Netbalkamp
- 21 - 24 Maart 2024: A-spanne – Menlotoernooi
- 21 - 23 Maart 2024: B- en C-spanne toernooi by Hoërskool Randburg
- Wedstryd datums sal nog deurgegee word sodra ons dit ontvang het.

Hoërskool Randburg spog nou met 'n beligte onderdak A-netbalbaan! Ons beoog om teen volgende jaar ligte op al ons netbalbane te installeer.

Ons het met 'n netbalakademie begin wat elke Maandag 'n netbalvaardigheidsessie vir Graad 5 tot 7 leerders teen 'n minimale fooi bied. Die akademie vind van 14:00 tot 15:00 op ons netbalbane plaas.

Ons het ook in 2023 ons "Monday Night Lights" -reeks begin waar gemengde spanne in die gemeenskap inskryf en dan onder ons ligte kom speel.

Kontakpersoon: Gizelle Labuschagne by Gizelle.labuschagne@hsrandburg.co.za


RANDJIES
Randjie

**TENNIS**

Hoërskool Randburg bied tennis vir seuns én dogters aan. Ligawedstryde vind in die eerste, derde en vierde kwartaal plaas. Daar word jaarliks na Bethlehem vir die hoërskooltennistoernooi getoer. Oefeninge vind op Woensdag- en Donderdagoggende van 06:00 tot 07:00 plaas. Die skool het afrigters (Veronique Luksich & Hanco Mostert) wat op daardie dae met die spelers werk.



**Sanmarie de Kock**

Hoërskool Randburg het drie seunsspanne (A, B & C) en twee dogtersspanne (A & B). Die seuns- A-span speel in die Premier liga en die dogters speel in die A-liga. Ons spog met ses tennisbane.

Prestasties **2023:**

Seuns is derde by die Senior Interhoër.

Seuns A-span is tweede by Bethlehem A-afdeling.

Seuns A-span is derde by Hilton toernooi.

Seuns (Top 4) vierde by Senior Interhoër.

Seuns (o/15 Top 4) tweede by Junior Interhoër.

Dogters A-span is derde in die Bethlehem B-Afdeling.



**Leoné Brits**

Dogterstennis: Leonè Brits. Seunstennis: Sanmarie de Kock

Tenniskontakbesonderhede: tennis@hsrandburg.co.za



**Marisa Strachan**

**TAFELTENNIS**

Tafeltennis is 'n populêre sport hier by Randburg. Ons het ses tafels en sowat twintig Randjies wat elke Maandag en Donderdag vanaf 17:30 tot 19:30 oefen en ook baie pret het. Ligadae sal deurgegee word sodra dit beskikbaar is. Daar is twee spanne wat aan die liga deelneem – 'n bo-15-span en 'n onder- 15-span. Die tafeltennisseisoen begin in Februarie en eindig in Junie.

Kontakpersoon: Marisa Strachan by marisa.strachan@hsrandburg.co.za

**SWEM**

Randjie-swemmers swem omdat hulle dit geniet en as ons wen, is dit 'n bonus. Al kan jy net "hondjieswem", is jy welkom in die span, want selfs Ryk Neethling het iewers begin. Ons is tans in Afdeling A, Liga E. Tydens die eerste kwartaal vind galas op Donderdae plaas. Ons neem ook in die vierde kwartaal op Donderdae aan aflos-galas deel.

Oefeninge vind (in die eerste en vierde kwartaal) op Maandag tot Woensdag in die oggende en middae na skool plaas.

**Program 2023:**

- 19 Januarie: Interhuis

Kontakpersoon: Olivia Mac Donnell
by olivia.macdonnell@hsrandburg.co.za.



**Olivia Mac Donnell**

**ESPORT**



**Lian Maritz**

Hoërskool Randburg het in 2019 met "esport" begin en ons geniet dit om te sien hoe hierdie sport groei en besonder interessante sosiale groepe bymekaarbring - van die tradisionele "IT nerds" tot die "rugby jocks" saam in een span. Vir diegene wat sê "e-wat?", kom ons verduidelik… "Esport" staan vir "electronic sport" en word gebruik om enige kompeterende videospeletjie te beskryf. Daar is wêreldwyd verskeie professionele "esport"-spelers, -kommentators en -bekendes. Dit is vinnig besig om tradisionele sportsoorte, in terme van prysgeld en kyksyfers, verby te steek. Op skoolvlak kan leerders provinsiale en sélfs nasionale kleure vir die sportsoort verwerf.

Kontakpersoon: Lian Maritz by lian.maritz@hsrandburg.co.za

**RUITERSPORT**

Hoërskool Randburg se ruitersportspan neem jaarliks aan die SANESA-skoleliga deel. Ruiters oefen by hul eie ryskole maar neem as 'n span aan die SANESA kompetisies deel. Hoërskool Randburg is deel van die Gauteng-Wes-streek.

In 2023 het ons sewe ruiters gehad wat aan die SANESA se kwalifiserende byeenkomste deelgeneem het, waar vier van ons ruiters verder gekies is om as deel van die Gauteng-Wes-span aan die nasionale kompetisie deel te neem. By die nasionale kompetisie het al vier ons ruiters in ten minste een van hulle items 'n posisie in die top tien behaal.



**Chanté Bezuidenhout**

Kontakpersoon: Chanté Bezuidenhout by Chante.bezuidenhout@hsrandburg.co.za

**SKAAK**

Ons skaakspanne neem jaarliks aan plaaslike ligas en toernooie deel. Ons het in 2023 ons eie buiteligskaaktoernooi in die Educatio Atrium gehou en beoog om dit 'n jaarlikse instelling te maak.



**Olivia Mac Donnell**

Skaakoefeninge vind op Dinsdae plaas.
Junior- en seniorspelers oefen vanaf 14:15 – 15:45.
Kontakpersoon: Olivia Mac Donell by
olivia.macdonnell@hsrandburg.co.za.

**SKYFSKIET**

Hoërskool Randburg spog met 'n skyfskietklub en ons eie binneshuise skietbaan op ons eie gronde. Ons bied afrigting onder die riglyne van SANSSU ("South African National School Shooters Union") in twee dissiplines, luggeweer- en lugpistoolskyfskiet, aan.
Daar is klubgelde wat betaalbaar is, maar dit sal sodra die seisoen begin aan u gekommunikeer word.

Prestasies vir **2023**:

Sewe skuts met provinsiale kleure

Daar is 25 skuts in die span.

Tydens die provinsiale kompetisies het ons agt goud, vier silwer en twee brons medaljes verower.

Ses van ons skuts word gekies om aan die SANNSU -nasionale kampioenskappe deel te neem.



**Thinus van Deventer**

Vir verdere inligting, skakel gerus:

Jo Ann van der Westhuizen 083 604 1000

óf Michael Nel 081 573 5220 óf e-pos: skiet@hsrandburg.co.za

**BERGFIETSRY**

Bergfietsry het tot 'n erkende skoolsport hier by Hoërskool Randburg gegroei.  Die skool gee ten volle aan leerders erkenning vir hulle prestasies.  As skool neem ons aan die "Cycle-Lab" Hoërskoolreeks deel.  Die byeenkoms bestaan uit vyf "cross country"- formaatresies wat by verskillende plekke in Gauteng plaasvind, asook 'n landswye finaal.  Waar moontlik, probeer die leerders saam oefen en tans oefen hulle een keer per week saam in Delta- Park, waar ons ook aan fietsryvaardighede werk en tegniese aspekte van fietsry verfyn.



**Christa Snyman**

Prestasies vir **2023**:

Twee van ons fietsryers eindig in die top vyf in hulle ouderdomsgroepe en nog vyf van ons fietsryers het in die top 20 van die landsfinaal geëindig.

Kontakpersoon:  Christa Snyman by christa.snyman@hsrandburg.co.za

**LEERDERSAKE EN DISSIPLINE**



'n Randjie se trots is gegrond op die koestering van goeie waardes: bedagsaamheid, respek, harde werk en volharding in alles wat aangepak word. Hier by Hoërskool Randburg doen ons, as skool, ons allerbeste om hierdie, asook ander waardes te ontwikkel om sodoende 'n gebalanseerde kind met eie waarde en selfvertroue in die wêreld te stuur. By Hoërskool Randburg het 'n leerder die vryheid om binne die grense van die skool se waardestelsel te ontwikkel. Kinders bly maar kinders en ons besef dat grense dikwels op die proef gestel sal word. Dit is juis hiervoor dat ons oor 'n gedragstelsel beskik om kinders met die begeleiding van hulle gedrag te help. Ons is trots om te meld dat hierdie gedragstelsel nie net gefokus is op die negatiewe nie, maar ook ware Randjie Ambassadeurs beloon wanneer hulle die goeie waardes van ons skool koester en uitleef. Die gedragstelsel is interaktief en ouers word in kennis gestel van enige aanmeldings, hetsy dit positief of negatief is. So word u, as ouer, ook aktief by die vorming van u kind betrek.





**Salomi Steyn**



**Pieter Els**



**Luvan Viljoen**



**Grethe van Zyl**

Kontakpersone:

Salomi Steyn (dogters) by salomi.steyn@hsrandburg.co.za.

Luvan Viljoen (Gr 8-9seuns) by luvan.viljoen@hsrandburg.co.za.

Pieter Els (Gr 10-12 seuns) by pieter.els@hsrandburg.co.za.

Grethe van Zyl (leerdersake) by sau@hsrandburg.co.za.

**GRAAD 8-KAMP**



Mallory Wentzel

## Datum en plek

- Die kamp vind by Hoërskool Randburg plaas. Die kampverrigtinge en -program sal deur eksterne fasiliteerders en die Studenteforum van 2024 hanteer word.
- Ons Graad 8-kamp vind vanaf Maandag, 15 Januarie om 07:00 tot Dinsdag, 16 Januarie om 15:00 plaas.

## Doel

- Om Graad 8's voor te stel aan die nuwe leiers wat gedurende die jaar as hulle mentors sal optree
- Die terrein en personeel te leer ken
- Groentjiekonsertoefening
- Groentjiekonsert: 18 Januarie 2024. Drie vertonings (18:00, 19:00 en 20:00)
- Graad 8-spanbou en -groepsdinamika

Bewys van betaling en vrywaringsvorms moet ingehandig word. U kan reeds dokumentasie elektronies by mallory.wentzel@hsrandburg.co.za aan die skool versend. Dit kan ook by die ontvangstoonbank ingehandig word.

Op die oggend wat die kamp begin, kan u ook nog die dokumente aan Annette Steenekamp by die registrasietafel oorhandig.

## Inhuldiging van Graad 8's

- Inhuldiging van Graad 8's vind by die ouerbraai aan die begin van die jaar plaas.
- Datum: 24 Januarie 2024 om 18:00.
- Elke Graad 8 moet asseblief vir hierdie geleentheid 'n skoolbaadjie besit.
- Meer inligting in 2024.

Kontakpersoon: Mallory Wentzel by mallory.wentzel@hsrandburg.co.za

## Navrae i.v.m. skoolgelde

El-Marié van Rooyen by debiteure@hsrandburg.co.za.



El-Marié van Rooyen


TO TAKE
we blee
RED
& BLUE


HOËRSKOOL RA